**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 01/03 2024

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
   Baie dankie aan die borge vir 'n heerlike golfdag.
   - Vodacom – hoofborg.
   - Paulette Baldie.
   - Die Kraaltjie vir die verblyf van die SA-Rugby Legends.
   - Rieco v.d. Linde vir die verblyf van Gertjie Odendaal.

   Baie dankie aan almal wat gehelp het met die voorbereiding. Dit sluit in van kosmaak tot by die ondersteuning van die verrigtinge.

2. **SBL-verkiesing: Vrydag, 8 Maart:**
   Ek herinner u dat die nominasies op Dinsdag, 5 Maart, om 08:00 sluit.

   Die genomineerde moet die volgende saam met sy/haar norminasievorm by die skool ingee:
   - 'n Onlangse 10x15cm grootte borsfoto.
   - Volle name en van.
   - Naam en graad(e) van kind(ers) in die skool.
   - Beroep
   - Vaardighede en ervaring wat tot voordeel van die skool kan wees.

3. **Jeuguitruilprogram na Duitsland:**
   Hoërskoolleerders wat belangstel in die program kan aansoekvorms by die skoolhoof afhaal.

   Sluitingsdatums:

   | | |
   |---|---|
   | Junie 2024 tot Julie 2024 | 8 Maart 2024 |
   | November 2024 tot Januarie 2025 | 30 Junie 2024 |
   | Desember 2024 tot Januarie 2025 | 31 Julie 2024 |

4. **Individuele skoolfoto's:**
   Die individuele skoolfoto's se bestelkoeverte is Dinsdag uitgedeel. U kan 'n bestelling plaas. Die betaling kan kontant wees OF u kan 'n elektroniese betaling direk aan die fotograaf maak. Die korrekte bedrag kontant OF die bewys van betaling moet in die bestelkoevert gesit word.

   Bankbesonderhede: Mariette Landman
   Standard Bank
   Rek no : 082 862 583
   Verwysing : MCL en u kind se naam en van

herotel

Alle bestellings moet voor of op 15 Maart 2024 by die skool ingehandig word.

5. **Tweedehandse klerewinkel:**
Die grondslagfase personeel loods vanaf Maart 2024 'n nuwe projek. Enige grootte tweedehandse skoolklere wat nog in 'n redelike of goeie toestand is, kan geskenk word aan die skool. Dit sal dan te koop aangebied word in die tweedehandse klerewinkel wat deur die grondslagfase bedryf sal word.

Hierdie winkel sal op dieselfde tye as die skool se klerewinkel oop wees. Die winkel sal uit die stoorkamer langs die rekenaarlokaal bedryf word.

Dinsdae en Donderdae : 14:30 - 15:00

Ons benodig nog baie klere vir die projek. Stuur asseblief u skenking na juf. Marisa. Kom loer in vir winskopies!

6. **Wise Eye rekenaarsessies:**
Wise Eye rekenaarsessies sal vanaf kwartaal 2 by die skool in die namiddag aangebied word. R40 per sessie. Kontak juf. Zelda vir meer inligting. Beperkte plekke beskikbaar.




7. **Biblioteekweek:**
Die 28ste Februarie het 2 van ons leerders aan die biblioteekweek deelgeneem. Jaden Norushu (gr. 6) het afrikaans gelees en Robyn-Leigh Bersman het "word within a word" gedoen. Die twee leerders het baie goed gedoen.
Robyn-Leigh Bersman – 3de
Jaden Norushu – 4de

8. **Finansies:**
   - Kopieerkoste:
   Die kopieerkoste is R580 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2024 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas 'n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterste

belang. Die leerders van HS-McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

9. **Sport**:

- Hoërskoolatletiek:
  Baie geluk aan die atlete wat vir die Hoërskool Sarah Baartmanatletiekspan gekies is.

| | | |
|---|---|---|
| Lilitha Ferreira | D 0/14 | gewigstoot en spiesgooi |
| Alana Johnston | D 0/14 | 400 m |
| Kelvi-Nay Corneelse | D 0/14 | verspring |
| Lea Cedras | D 0/15 | verspring |

  Sterkte met jul voorbereiding. Die personeel van Hoërskool McLachlan is trots op julle.

- Laerskoolatletiek:
  Die 5 laerskoolatlete (Almirah, Jaundré, Amoné, E.J en Taylin) vertrek reeds Maandag om aan die Oos-Kaap atletiekkampioenskappe in Queenstown deel te neem.
  Ons sien uit om te hoor hoe julle presteer het. Geniet dit en hou McLachlan se naam hoog.

- Tennis:
  Die dogters het hulle wedstryde teen Hoërskool Framesby gewen. Hulle is ook onoorwonne vir die kwartaal. Baie geluk!

- Hoërskool Wittedrift Sportdag:
  Sterkte aan McLachlan se hoërskool 1ste rugby- en netbalspan wat Saterdag, 2 Maart, aan die sportdag gaan deelneem.

- Krieket:
  Die 0/9-span het Donderdag, 29 Februarie, hulle wedstryd teen Laerskool St. Patricks gewen.

- Despatch Sportfees:
  Vrydag, 8 Maart, en Saterdag, 9 Maart, neem McLachlan se hoërskool 1ste rugby- en netbalspan aan die sportfees deel.

C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit